Roetebeplanning

Laerskool Denneoord

GO GEORGE



Sleutel:

- **1A** New Dawn Park - CBD
- **1B** Harmony Park - CBD
- **2** Blanco - CBD
- **15** Parkdene - Blanco
- **18A** Thembalethu Circle - Blanco
- **24** CBD - Loeriepark - GR Mall
- **53** Rosemoor - CBD
- **53B** Rosemoor Express
- **56** Denneoord - CBD
- **58** Heatherpark - Heatherlands
- **60** Rosedale - CBD

ROETES VANAF HUIS SKOOL TOE:

Roete 56 stop by die Outeniqua B 576-halte op die hoek van Loop- en Outeniquastraat agter die skool. Klim hier af en loop die laaste klein entjie skool toe.

Van BLANCO:
Neem Roete 2 Blanco en klim oor op Roete 56 Denneoord by die Transport Hub.

Van HEATHERLANDS/HEATHER PARK:
Neem Roete 58 en klim oor op die Blanco-bus in CJ Langenhovenstraat. Gaan na die Transport Hub en klim oor op die Denneoord-bus (Roete 56).

Van PACALTSDORP:
Neem Roete 1A, 1B, 1C, 60 of 60A en klim oor op Roete 56 Denneoord by die Market 553-halte voor die poskantoor.

Van PARKDENE/CONVILLE/BORCHERDS/LAWAAIKAMP:
Neem Roete 15 na die Transport Hub en klim oor op Roete 56.

Van ROSEMOOR:
Neem Roete 53 of 53B en klim af by die Wellington 565-halte voor George Voorbereidingskool. Gebruik die voetoorgang by die verkeerslig en loop oor na die Courtenay 131-halte in Wellingtonstraat waar jy op Roete 56R kan klim.

Van LOERIEPARK:
Neem die Loeriepark-bus (Roete 24) in die rigting van die middedorp. Klim af by die Cathedral C 133-halte in Cradockstraat, voor Charlene's Fabrics.
Loop terug in die rigting van Courtenaystraat en gebruik die voetoorgang om op die Denneoord-bus (Roete 56) te klim by die Courtenay 131-halte in Wellingtonstraat.

Van THEMBALETHU:
Neem Roete 18A en klim af by die York A 105-bushalte langs Checkers. Loop terug na Yorkstraat en dan in die rigting van die middedorp na die Union A 713-halte. Neem Roete 1A en klim oor op Roete 56 by die Market 553-halte voor die poskantoor.
OF: Klim van Roete 18A of Roete 10 oor na Roete 15 by die V Ncamazana 539-bushalte voor Kekkel en Kraai in Nelson Mandela Blvd. Ry tot by die Transport Hub en klim oor op Roete 56.

ROETES TERUG HUIS TOE NÁ SKOOL:

Klim op Roete 56 in die rigting van die middedorp by die Outeniqua B-halte om die draai van die skool af, op die hoek van Loop- en Outeniquastraat.

Na BLANCO:
Ry tot by die Transport Hub en klim oor op Roete 2 na Blanco.

Na HEATHERLANDS/HEATHER PARK:
Ry tot by die Transport Hub, klim oor op Roete 2 en ry saam tot waar jy in CJ Langenhovenstraat oorklim op Roete 58 by 'n bushalte die naaste aan jou huis.

Na PACALTSDORP:
Indien jy Roete 56F neem: Ry tot by die Cathedral C 133-halte voor Charlene's Fabrics in Cradockstraat. Gebruik die voetoorgang by die verkeerslig na die Wellington 482-halte langs die Precap-sentrum in Courtenaystraat by Pick n Pay Minimark, en wag vir jou betrokke bus na Pacaltsdorp om oor te klim.
Indien jy Roete 56R neem: Ry tot by die Cathedral A 141-halte voor die katedraal in Yorkstraat. Gebruik die voetoorgang by die verkeerslig na die Cathedral A 140-halte voor die Arts Theatre, en wag vir jou betrokke bus na Pacaltsdorp om oor te klim.

Na PARKDENE/CONVILLE/BORCHERDS/LAWAAIKAMP:
Ry tot by die Transport Hub en klim oor op Roete 15 terug na Parkdene.

Na ROSEMOOR:
Indien jy Roete 56F neem: Ry tot by die Cathedral C 133-halte voor Charlene's Fabrics in Cradockstraat. Gebruik die voetoorgang by die verkeerslig na die Wellington 482-halte langs die Precap Centre in Courtenaystraat, by die Pick n Pay Minimark en wag vir jou betrokke bus na Pacaltsdorp om oor te klim.
Indien jy Roete 56R neem: Neem Roete 56R en klim oor op Roete 53 of 53B Rosemoor by die Transport Hub.

Na LOERIEPARK: Ry tot by die Cathedral C 133-halte voor Charlene's Fabrics. Gebruik die voetoorgang by die verkeerslig na die Wellington 482-halte vir die Loeriepark-bus (Roete 24).

Na THEMBALETHU:
Ry na die Transport Hub en klim oor op Roete 15. Ry tot by die V Ncamazana 540-bushalte oorkant Kekkel en Kraai. Klim oor op Roete 18A of Roete 10 en ry tot by die naaste stop aan jou huis.
OF: Ry tot by die Transport Hub en klim oor op Roete 1A of 1B. Klim af by die Union A 712-halte en loop om die hoek na die York A 104-halte in Uniestraat, oorkant Eden Tegniese Hoërskool. Klim oor op Roete 18A of Roete 10 na Thembalethu.